

David Adolph Michael Botha (1806–1879), Pretoriase pionier

J. Celestine Pretorius

Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Posbus 3300,
Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika

David Adolph Michael Botha (1806–1879), Pretoria pioneer. The Pioneer House at Silverton, Pretoria, was built by David A.M. Botha towards the middle of the nineteenth century. Certain aspects of his life are sketched. These reflect at the same time the history of the pioneering years in Pretoria and its environment. David Botha was not only one of the earliest settlers in this region; he was fully involved as chairman of the *Volksraad* in the internecine strife which led to the Civil War of 1861–1864. He was not one of the prominent political or military leaders of his day; rather he represents the ordinary citizen, a man who in difficult times strove to do his duty by his country and his people.

Die Pioniershuis in Silverton, Pretoria, is teen die helfte van die negentiende eeu deur David A.M. Botha gebou. Grepe uit die lewe van hierdie pionier word geskets, wat tegelykertyd die geskiedenis van die pionersjare in Pretoria en omgewing weerspieël. David Botha was nie slegs een van die vroegste intrekkers in hierdie omgewing nie, maar het as voorsitter van die Volksraad die broedertwist wat uitgeloop het op die Burgeroorlog van 1861–1864 intens belewe. Hy was nie een van die bekende politieke of militêre leiers van sy tyd nie. Eerder verteenwoordig hy die gewone burger, ‘n man wat in moeilike tye probeer het om sy plig teenoor sy land en sy mense te verrig.

Die geskiedenis van die pionersjare in Pretoria en omgewing word weerspieël in die lewensverhaal van David Adolph Michael Botha. Hy was nie slegs een van die vroegste intrekkers in die omgewing van Pretoria nie, maar het as voorsitter van die Volksraad die broedertwist wat uitgeloop het op die Burgeroorlog van 1861–1864 intens belewe. David Botha was nie een van die bekende politieke of militêre leiers van sy tyd nie. Eerder verteenwoordig hy die gewone burger, ‘n man wat in moeilike tye probeer het om sy plig teenoor sy land en sy mense uit te voer.

Dat die huisie wat David Botha in die vyftigerjare van die vorige eeu op die plaas Hartebeestpoort — tans deel van Silverton, Pretoria — gebou het, deur die jare heen bewaar gebly het, is feitlik ‘n wonderwerk. Dit behoort tans aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in Pretoria en is as Pioniersmuseum gerestoureer en ingerig.

Familiegeskiedenis

David Adolph Michael Botha is, soos die meeste Voortrekkers, in Oos-Kaapland gebore. Hy was die vyfde kind van Johannes Petrus Botha en sy eerste vrou, Maria Petronella Landman, burgers van die distrik Swellendam.¹ Volgens die Swellendamse doopregister² is David op 26 Mei 1806 gebore en op 1 Junie te Swellendam gedoop. Na die dood van David se moeder is sy vader weer getroud met Helena Dorothea Scheepers (gebore 1782), die weduwe van Johannes Jacobus Carelse. Johannes Petrus Botha was ten tyde van hierdie huwelik ‘n boer op Grootvlei in die distrik Graaff-Reinet³ en het nog daar gewoon toe hulle seun, Johannes Petrus, op 13 November 1813 gebore is.⁴

David Botha is op 9 Oktober 1825 met Maria Elizabeth Carelse, die dogter van sy stiefmoeder Helena Dorothea Scheepers, op Swellendam getroud (Figuur 1).⁵ Hy was dus tydens die aanvangsjare van die Groot Trek ‘n getroude man van om en by 30 jaar oud. Getuenis oor

Figuur 1 Die handtekeninge van David Adolph Michael Botha en sy vrou, Maria Elizabeth Carelse, onderaan hulle testament in die Transvaalse Argiefbewaarpak.

waar hy en sy gesin voor die Groot Trek presies gewoon en wanneer hulle getrek het, ontbreek. Hulle oudste seun, Johannes Petrus, is in 1829 in die distrik Cradock gebore,⁶ terwyl die geboorteplek van ‘n dogter, Maria Petronella, ook nog as die ‘Kaapkolonie’ aangegee word.⁷ Die vierde kind, Johannes Jacobus, is in die distrik George gebore.⁸ Volgens sy sterfkennis is hy in 1839 gebore. David en sy gesin het moontlik in hierdie jaar dus nog in die Kaapkolonie gewoon. Dit is egter ook moontlik dat hierdie seuntjie tydens ‘n besoek aan die Kaapkolonie gebore en gedoop is. David Botha se ouers het in ‘n stadium in die distrik George gewoon.”

In die notules van die Natalse Volksraad word daar melding gemaak van ‘n sekere Willem A. (of Wm.) Botha wat in 1839 lid van die Volksraad was. Waarskynlik was dit Willem Adriaan, ‘n ouer broer van David.’ Volgens die genoemde notules is ‘n sekere David Botha in 1841 deur die Landdros en Heemrade van Weenen as veldkornet vir die ‘Boven Togela’ aangestel.” Hoewel die volle voorletters ontbreek, is dit waarskynlik dat dit David Adolph Michael Botha was. In Augustus 1841 was hy nog veldkornet, want op 3 Augustus is ‘n rapport deur hom aan die Volksraad voorgelê waarin berig is dat daar vee van Willem Botha gesteel was waarvan die spoere die Drakensberg ingegaan het.¹²

Dat David Botha in hierdie jare reeds ‘n ondersteuner van A.W. J. Pretorius was, blyk uit ‘n memorie, gedateerd 25 Januarie 1842, wat op 21 Februarie voor die

Volksraad in 'Pieter Mauritzburg' ingedien is, versoeke dat Pretorius sy pos as kommandant-generaal moes hervat. Pretorius het blykbaar bedank omdat die Raad geweier het om 'n grondbrief vir sy beloofde grond uit te reik. Hy is op 'n vergadering van die Raad op 26 Februarie weer as kommandant-generaal herkies.

David Botha verhuis na Transvaal

Die spoor van David Botha en sy gesin word na 1842 weer vaag. Op 'n inspeksierapport van plase wat in die Magaliesberg in Augustus 1841 geïnspekteer is, kom die name van W. Botha en D. Botha voor, maar volgens die notules van die Natalse Volksraad was David in Augustus 1841 nog in Natal. Wanneer hy dus na die Magaliesbergse omgewing verhuis het, is nie duidelik nie. Volgens familie-oorlewing het hy uit die Vrystaat na die omgewing van die latere Pretoria getrek.¹³ Volgens die getuienis van 'n agterkleinseun, D.A.M.B. Schoeman, het hy en sy gesin in 1845 saam met Potgieter na Ohrigstad verhuis.¹⁴ Geen dokumentêre bewys kon hiervan gevind word nie. Volgens Schoeman het David Botha se twaalfjarige seuntjie hier aan malaria beswyk. Dit is bekend dat talle Trekkers in hierdie omgewing die slagoffers van hierdie siekte geword het.

Toe Potgieter en sekere van sy volgelinge Ohrigstad verlaat en na Soutpansberg getrek het, het 'n aantal gesinne, onder wie die Erasmuses, Bothas, De Beers, en Prinslooë na hulle oorspronklike plase in die Magaliesbergse omgewing teruggekeer.¹⁵ Teen Maart 1848 was die trek uit Ohrigstad 'n voldonge feit. David Botha het hom dus waarskynlik vroeg in 1848 in die omgewing van die huidige Pretoria bevind.

Die plaas Hattebeestpoort

Uit argivale bronne blyk dat daar reeds in die veertigerjare van die negentiende eeu Blanke boere in die omgewing van die huidige Pretoria gewoon het, hoewel die dorp eers in 1855 gestig is.¹⁶

Die Magaliesbergse omgewing het in daardie jare nog gewemel van die wild. Daarvan getuig plaasname soos Hartebeestpoort, Koedoespoort, Elandsspoort, Tygerpoort, en Leeufontein. Volgens die herinneringe van Maria Minnaar (gebore Bronkhorst) (Figuur 2) het haar vader, Gerhardus Stephanus Bronkhorst, in 1842 die plaas Elandspoort aangelê waarop in later jare die dorp Pretoria gestig is.¹⁷ Haar vader en sy broer, Lukas Bronkhorst, het besluit om daar te gaan woon,

'omdat die water vir hulle so mooi was en die saaigeleenthed hulle ook toegelag het.'

Sy het die omgewing as 'bontveld' beskryf, dit wil sê 'n soort parkveld met hoë bome, kreupelbos, en kaal kolle tussenin,¹⁸ terwyl die

'wagenbietjie en die wit buffelpeer bloesems in die somer die lug oorlaai het met heerlike geure.'"

Toe David Botha vir hom in hierdie wêreld 'n staanplek moes uitsoek, was standhoudende water vanselfsprekend die belangrikste oorweging. Hy het besluit om hom langs die Rademeyersrivier (tans Morelettaspruit) te vestig, net noord van waar die rivier deur 'n poort




Figuur 2 Maria Minnaar (gebore Bronkhorst) wie se herinneringe oor die eerste jare in die omstreke van die Apiesrivier deur G.S. Preller opgeteken is. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

vloei. Vandaar die naam Hartebeestpoort.²⁰ Die twee reekse van die Magaliesberg wat die Mootvallei vorm, word in hierdie omgewing aansienlik laer en sprei wyd uitmekaar. Verder noord van die poort is daar 'n breë oorstromingsvlakte langs die spruit, uitnemend geskik vir akkerbou.

David Botha het die plek vir sy opstal met 'n geoefende oog uitgesoek, hoër as die oorstromingsvlakte van die spruit. Hiervandaan sou hy ook 'n uitsig oor 'n groot deel van sy plaas gehad het sonder om sy huis te verlaat.²¹ Op 'n kaart uit 1879 kan die geboue, werf, en landerye langs die rivier duidelik onderskei word (Figuur 3).

Waarskynlik is daar eers 'n tydelike hartbeeshuisie van pale en klei gebou tot tyd en wyl 'n meer permanente huis opgerig kon word. 'n VEEKRAAL en stal vir die perde was ook 'n dringende noodsaklikheid. 'n Stukkie grond vir koring, mielies, groente, en vrugtebome moes bewerk word.

David Botha sou 'n plan moes maak om die tuine en landerye te kon natlei. 'n Voor is hoog op uit die rivier 'uitgehaal' en het aan die oostekant verby die werf geloop om die lande nat te lei. 'n Dam en watervoer was reeds aanwesig toe hy die plaas in 1853 aan die Vermeulens verkoop het en bestaan vandag nog gedeeltelik.



Figuur 3 Kaart van die plaas Hartebeestpoort nr. 308, 12 Mei 1879. Kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria.

In ooreenstemming met die gebruik in die jare na die Groot Trek, moes David Botha aansoek doen om die plaas in sy naam te laat aanteken. Aanvanklik was elke Trekker wat voor die jaar 1848 in Transvaal aangekom het geregtig op twee phase.²² Sy aansoek om die plaas Hartebeestpoort

'gelegen aan de bovenzijde van de poort, aan den... waterloop waar het water door de poort uitkomt',

is op 10 Desember 1850 toegestaan en aangegeteken.²³

Hoewel David Botha en sy gesin waarskynlik slegs 'n paar jaar lank op Hartebeestpoort gewoon het, kan daar aanvaar word dat hy die huisie wat nog daar staan gebou of gedeeltelik gebou het. Waarskynlik het hy slegs 'n reghoekige geboutjie — bestaande uit twee of drie vertrekke — gebou, met 'n buite-oond en buitekombuis. Soos dikwels die geval was, is die huis van gebreide klei uit die omgewing gebou, met 'n grasdak en kleivloer. Hout vir die balke, latte, en kappe sou Botha in die omgewing kon vind, aangesien bome volop langs die spruite gegroeи het. Na sy vertrek na Kleinfontein het die Vermeulens, aan wie hy die plaas verkoop het, die huis vergroot. 'n Kombuis met vuurherd is aangebou en later nog 'n buitekamer. Dit is in hierdie vorm wat die huis bewaar gebly het (Figuur 4).



Figuur 4 J.H. Pierneef, *Pioniershuis in Silverton, Pretoria*, Foto: Pretoriase Kunsmuseum.

Na die jare op die trekpad was meubels maar skaars. Al wat daar was, was dié wat met die ossewa vervoer kon word, soos houtkatels met verebeddens, wakiste om kleren en kosbare besittings in te bêre, 'n trektafel, veldstoeltjies, en moontlik 'n riempiestoel of twee. In die boedels van David Botha en sy vrou baie jare later, word daar onder meer melding gemaak van twee kiste, 'twee halfsleete tavels', veldstoele en 'n 'kleine veld tavel', twee 'beddens kompleet met 2 houten katels'.²⁴

Die gebruiksvoorwerpe wat in die genoemde boedel vermeld word,werp lig op die bedrywigheid wat daar op Hartebeestpoort plaasgevind het, soos seepkokery en die maak van botter in die karring. David Botha sou ook vir 'n looikuip moes sorg sodat velle gelooi kon word vir klere, skoene, en swepe. Hoenders en ganse sou ook nie op die werf ontbreek het nie — laasgenoemde om gepluk te word vir die verebeddens waarvoor die pioniers so lief was. Dit is verbasend hoe die pioniers daarin geslaag het om 'n selfversorgende bestaan te voer.

Kerklike en sosiale lewe

Tydens die Bothas se verblyf op Hartebeestpoort was daar nog geen kerklike gemeente in die omgewing nie. Die enigste gemeente was in Potchefstroom waar daar sedert 1842 'n kerkraad was. Ds. Dirk van der Hoff is egter in 1853 daar as vaste predikant bevestig.²⁵ Vir die doop, aanneming as lidmate van die kerk, en huweliksbevestiging van hulle kinders, was die Transvaalse pioniers aanvanklik dus op besoekende predikante uit die Kaapkolonie aangewese. Die oudste Bothakinders het ondertussen hubare leeftyd bereik. Volgens die huweliksregister van die Potchefstroomse gemeente is David se oudste dogter, Helena Dorothea, op 1 Mei 1848 met Jacobus A. Marais getroud.²⁶ Dit het waarskynlik tydens die besoek van di. A. Murray (sr.) en P.K. Albertyn aan Transvaal geskied.²⁷

Dit het ook dringend noodsaaklik geword dat die kinders gekatkiseer moes word sodat hulle belydende lidmate van die kerk kon word. Dit het gebeur tydens 'n volgende besoek van Kaapse predikante in Desember 1848, naamlik di. W. Robertson en P.E. Faure.²⁸ Die kinders, Helena Dorothea, Johannes Petrus, en Maria Petronella, is op 24 Desember 1848 aangeneem.²⁹ Dit is opvallend dat Helena Dorothea weens die ongerekende besoek van die predikante eers na haar huwelik as lidmaat aangeneem is. Dit is waarskynlik dat die Bothakinders gekatkiseer is tydens di. Robertson en Faure se besoek aan Potchefstroom vanaf 16 Desember 1848, of op die plaas Hekpoort in die Magaliesberg, waar hulle van 20 Desember-23 Desember besoek afgelê het. Die name van die kinders kom op die lidmateregister van Potchefstroom voor aangesien dit in daardie jaar nog die enigste gemeente in Transvaal was.

David Botha se naam kom egter ook in die lidmaatsregister van die gemeente Rustenburg voor op 15 Augustus 1853. Hy was toe huis in Rustenburg vir die sitting van die Volksraad.³⁰ Die boere in die omgewing van die Apiesrivier is as onderdeel van Rustenburg beskou na die stigting van 'n gemeente hier. Daar is eers in 1854 op Elandspoort — die latere Pretoria — 'n gemeente gestig.

Ds. Dirk van der Hoff het na sy koms in 1853 van tyd tot tyd dienste in die omgewing van die latere Pretoria gehou, Nagmaal bedien, en kinders gedoop. Maria Minnaar vertel dat hierdie dienste meestal onder bokseile gehou is, of as die weer mooi was, onder die bome.³³ Orals uit die omgewing het die mense dan met hulle wans gekom en hulle tente onder die doringbome opgeslaan. Dit moes vir die Botha-gesin 'n vreugdevolle dag gewees het toe Pretoria se eerste kerk op Kerkplein in 1857 ingewy is (Figuur 5).



Figuur 5 Marianne Churchill, kopie van die oudste afbeelding van Pretoria (1857). Die eerste kerk is regs op die foto.
Foto: Pretoriase Kunsmuseum.

In die jare toe David Botha en sy gesin op Hartebeestpoort gewoon het, was daar nog geen skool in die omgewing nie. 'n Mens wonder waar die Botha-kinders leer lees en skryf het. Was dit by hulle moeder, by een of ander persoon in die omgewing, by 'n rondgaande onderwyser? Die jongste seun, Johannes Jacobus, wat in 1839 gebore is, moes in hierdie jare nog geleer het om te lees sodat hy gekatkiseer en aangeneem kon word. Die onderwys in Pretoria het eers gevorder nadat Andries du Toit in 1857 landdros geword het.

Hoewel elke gesin op die plaas as 't ware 'n eie gemeenskappie gevorm het, was daar tog geleenthed vir sosiale kontak en ontspanning. Die mans het gereeld gaan jag omdat wild in die omgewing volop was en omdat die talryke leeus 'n bedreiging vir hulle vee was. Maria Minnaar het haar herinner dat die mense graag ondermekaar gekuier het. Sy het haar eie perd gehad en kon goed perdry.

'Burebesoek was ons vernaamste ontspanning.

Iedereen het daar behae in geskep.³²

Wie sou die mense gewees het by wie die Bothas kon gaan kuier het? Die Bronkhorts het sedert die vroeg-veertigerjare reeds langs die 'Aaprivier' gewoon.³³ In 1848 het die Vermeulens aan wie David Botha Hartebeestpoort in 1853 verkoop het, reeds in die omgewing van die latere Kerkplein gewoon.³⁴ Andries van der Walt wat in Maart 1852 die veldkornet van Elandsport (die latere Pretoria) geword het, se huis het die middelpunt van die Apiesriverwyk geword (Figuur 6).³⁵ Kerkdienste is daar gehou, pos afgelaai, en van die Volksraadslede het daar uitgespan. Ook die smouse het daar kom handel drywe. Dan was daar ook A.F. du Toit wat in 1857 die eerste landdros van Pretoria geword het en in die sestigerjare op die plaas Koedoespoort, aangrensend aan Hartebeestpoort, gaan woon het (Figuur 7).



Figuur 6 Die huis van veldkornet Andries van der Walt.
Foto: Stadsraad van Pretoria.



Figuur 7 A.F. du Toit, eerste landdros van Pretoria en sy gesin.
Foto: Stadsraad van Pretoria.


Hartebeestpoort word geïnspekteer

Hoewel die Bothas etlike jare op Hartebeestpoort gewoon het en die plaas laat 'aanteken' het, was die plaas nog nie amptelik geïnspekteer nie. Dit het eers in 1853 gebeur. Botha moes 'n 'uittreksel', dit wil sê 'n afskrif van sy 'aantekening' aan sy veldkornet oorhandig, wat die plaas dan moes inspekteer.³⁶ Die dag van die inspeksie was 'n groot gebeurtenis in die wyk. Die veldkornet en sy inspekteurs het die rondomwonende boere op die bestemde plek ontmoet en volgens die uittreksel die omskreve 'middelpunt' as uitgangspunt geneem. Hy moes naastebly 'n vierkant opmeet van 'een uur gaansch overkruis' oor die middelpunt.³⁷ Hartebeestpoort is dus deur veldkornet A.P. van der Walt en twee burgers te perd afgery in vier rigtings: na die noorde 20 minute, na die ooste 22 minute, na die suide 25 minute en na die weste 15 minute. Vier hoekbakens is ingeplant.³⁸ Die plaas was 'naar gissing' 1 800 morge groot.³⁹

Die veldkornet het in sy 'Inspeksieboek' elke geïnspekteerde plaas omskrywe om dit aan die landdros oor te dra vir registrasie en uitreiking van grondbriewe.⁴⁰ Die plaas het dan 'n nommer gekry. So was Hartebeestpoort se eerste nommer 308. Na 'n tydjie kon die eienaar sy 'transport' of 'akte van eiendomsreg' by die landdroskantoor gaan haal. Omdat David Botha Hartebeestpoort wou verkoop, moes daar 'n oordrag van eiendoms-

reg uitgemaak word. So 'n transportakte moes deur die verkoper gelewer word en hy moes die koste daarvan verbonde dra.⁴¹ Die uitmaak van die transport en die afgee van die grondbriewe was die taak van die landdros van die distrik.⁴² Aangesien Andries du Toit eers in 1857 die eerste landdros van Pretoria geword het, kan 'n mens verstaan waarom die oordrag van die plaas Hartebeestpoort eers op 23 Junie 1858 geskied het.⁴³

Volgens die Kantoor van die Registrateur van Aktes in Pretoria, het die plaas Hartebeestpoort⁴⁴ aan een David Alwyn Botha behoort. Volgens die nakomelinge van David Adolph Michael Botha het hulle voorvader egter op die plaas gewoon. Die naam David Alwyn Botha kon in geen geraadpleegde argivale bron uit die vyftigerjare opgespoor word nie. 'n Studie van die oorspronklike plaasboek in die Argief van die Registrateur van Aktes in Pretoria het egter aan die lig gebring dat die naam David Adolph Botha so onduidelik ingeskryf is, dat die tweede naam ook as Alwyn geïnterpreteer kan word. Toe die oorspronklike plaasboek dus in die nuwe boek oorgeskryf is en Hartebeestpoort nr. 308 'n nuwe nommer — naamlik 328 — gekry het, is die naam David Alwyn Botha foutiewelik as die eienaar van Hartebeestpoort aangegee (Figuur 8).



Figuur 8 Die foutiewe inskrywing in die ou plaasboek in die argief van die Registrateur van Aktes, Pretoria. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

David Botha verhuis na Kleinfontein

David Botha het na 'n aantal jare besluit om Hartebeestpoort te verkoop omdat hy waarskynlik 'n plaas gesoek het met meer moontlikhede vir veeboerdery. Weens die groot oorstromingsvlakte van die Rademeyersrivier was Hartebeestpoort by uitstek geskik vir akkerbou.

Dit lyk of David Botha vroeg in 1853 reeds op Kleinfontein gewoon het, want die plaas is op 14 April 1853 deur veldkornet A.P.J. van der Walt geïnspekteer. Die plaas was net meer as 1 658 morge groot en ongeveer 25 km van Kerkplein geleë.⁴⁵ Kleinfontein het egter eers op 10 Maart 1859 met goewermannstransport op David Botha se naam gekom. Hoewel hy op die plaas bly woon het tot sy afsterwe in 1879, is die westelike gedeelte van

die plaas in 1866 op die naam van sy seun, Johannes Jacobus, geregistreer. Op 'n kaart van die plaas uit hierdie tyd is daar drie geboue, 'n veekraal, landerye, 'n fontein, en 'n dam sigbaar.⁴⁶ Mev. Maria Botha is eers in 1903 op die plaas oorlede.⁴⁷ Daar woon vandag (1987) nog afstammelinge van David Botha op 'n gedeelte van die plaas.⁴⁸

Lid van die Volksraad

In die vyftigerjare het David Botha in die openbare lewe na vore begin tree. Hy was nou in sy veertigerjare en blybaar 'n gesiene boer in die Pretoriase omgewing. Dit het meegebring dat hy verskeie kere as lid van die Volksraad verkies is en 'n tydlank as voorsitter van hierdie ligaam opgetree het.

Dat David Botha 'n getroue ondersteuner van A.W.J. Pretorius was, blyk uit 'n memorie uit Magaliesberg, gedateerd 18 Desember 1850, waarin Botha en ander hulle ondersteuning vir Pretorius as kommandant-generaal uitgespreek en dus sy uitvoerende gesag erken het.⁴⁹

David Botha se jare van aktiewe deelname aan die politiek val saam met 'n onrustige tyd van konstitusionele onsekerheid, groot politieke verdeeldheid, en kerklike twiste in Transvaal.

Die vroegste verwysing na David Botha as lid van die Volksraad vind ons in die notule van die Volksraadsvergadering op Scheerpoort, Magaliesberg, tydens die sitting van 14 Maart-24 Maart 1853.⁵⁰ Aangesien die Volksraad nie voltallig was nie, moes daar vier nuwe lede gekies word, van wie Botha een was. Ook op die sitting van die Volksraad te Rustenburg in Augustus 1853 was David Botha teenwoordig.⁵¹ A. W.J. Pretorius is ondertussen oorlede en op hierdie vergadering is sy seun, Marthinus Wessel Pretorius, tot kommandant-generaal verkies. Dat die verhoudinge met die Swart stamme een van die groot probleme was waarmee die Volksraad in daardie jare te kampe gehad het, blyk uit die feit dat David Botha saam met verskeie ander burgers afgevaardig is om met die Thlapinghoofman, Mahura, en ander kapteins vredestrakte aan te gaan.⁵²

Dit is duidelik dat baie Volksraadslede dit uiter moeilik gevind het om gereeld die sittings van die Volksraad by te woon, veral as dit 'n lang reis meegebring het. Om hierdie probleem op te los, is daar in November 1853 op die sitting van die Volksraad in Potchefstroom besluit dat elke 'kolonie' ses lede in die Volksraad sou hê, van wie drie verplig sou wees om die vergadering by te woon, sodat die Raad voltallig sou wees met 12 lede. Die landdros moes die lede wie se beurt dit was vroegtydig in kennis stel waar die sitting sou plaasvind.⁵³

Tydens die vergadering van die Volksraad op 7 Junie-15 Junie 1854 in Rustenburg⁵⁴ is David Botha eervol ontslaan, maar op die sitting van September 1855 op die plaas Pienaaarsrivier is hy weer eens verkies as lid in die plek van J.J. Burgers. Hy het die ampseed afgelê, maar daarna 'wettige en door den raad goedgekeurde redenen' aangevoer waarom hy nie langer sitting kon neem nie.⁵⁵ Wat die persoonlike omstandighede was wat hom

hier toe beweeg het, is onbekend. Sy naam verskyn gevoglik nie op die notule van die belangrike vergadering wat op 27 Mei-30 Mei in die huis van Hendrik Vermeulen op Kerkplein in Pretoria plaasgevind het en waar die grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek bespreek is nie.⁵⁶ Eers op die Volksraadsvergadering op 7 September 1857 in Potchefstroom⁵⁷ is David Botha weer as lid van die Raad verkies en het vervolgens ook die belangrike vergadering van 'n 'Committee Raad' wat deur die Krygsraad benoem is, op 3 Februarie 1858 te Rustenburg bygewoon. Die doel van hierdie byeenkoms was 'om uit al die bestaande landswetten een algemeene Grondwet daar te stellen'.⁵⁸

Voorsitter van die Volksraad

Op die volgende vergadering van die Volksraad op 16 Februarie-19 Februarie 1858 te Rustenburg,⁵⁹ is Da-



Handtekening van D.A. Botha, voorsitter van die ou Volksraad.

Figuur 9 Handtekening van D.A. Botha, voorsitter van die ou Volksraad. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Oplugmuseum, Pretoria.

vid Botha tot voorsitter van die Raad verkies (Figuur 9). Op hierdie geskiedkundige vergadering is die vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek (Z.A.R.) aanvaar, M.W. Pretorius as president, en Stephanus Schoeman as kommandant-generaal verkies.⁶⁰ Dit moes vir David Botha 'n gedenkwardige oomblik gewees het toe die konsegrondwet deur W. Robinson seremonieel aan hom as voorsitter van die Volksraad oorhandig is. Sy volgende taak was om 'n brief aan president Pretorius te rig met die versoek dat hy volgens Artikels 11 & 12 van die nuwe grondwet, die middag om vier uur voor die 'Hoog-Achtbaren' Volksraad moes verskyn om die ampseed as president van die Uitvoerende Raad af te lê en sy instruksies volgens die nuwe grondwet te ontvang.⁶¹

David Botha se termyn as voorsitter van die Volksraad was egter allermins bestem om rustig te verloop en voortekens van groot probleme was reeds merkbaar. President M.W. Pretorius se groot ideaal was om die Suid-Afrikaanse en Vrystaatse Republieke te verenig (Figuur 10). Toe hy 'n oproep om hulp in hulle stryd teen die Basoeto's onder Mosjwesjwe van die Vrystaters ontvang,⁶² het president Pretorius op 4 Mei 'n buitengewone vergadering van die Volksraad in Potchefstroom belê. Die Raad het besluit dat daar verlof toegestaan moes word aan Pretorius en kommandant-generaal Schoeman om na die Vrystaat te vertrek. Die feit dat David Botha nie op hierdie vergadering teenwoordig was nie, het waarskynlik 'n groot invloed op die verloop van sake gehad. Toe hy van die besluit van die Volksraad verneem het, het hy onmiddellik 'n spesiale vergadering van die Volksraad in Pretoria belê volgens Artikel 34 van die



Figuur 10 Marthinus Wessel Pretorius.

Foto: Stadsraad van Pretoria.

Grondwet. Die vergadering is belê vir die dertiende Mei 1858. Landdros Du Toit van Pretoria moes die volksraadslede dringend hiervan in kennis stel, met 'alle mogelijkheid spoed, dat meent expressen te paart'.⁶³ Op die vergadering wat vervolgens op 13 Mei 1858 in die landdroskantoor in Pretoria gehou is, was daar egter slegs vyf volksraadslede teenwoordig. Aangesien die grondwet 12 lede op 'n sitting van die Volksraad vereis het is hulle 'voorgenomen bezigheid . . . verydeld'.⁶⁴ Die teenwoordiges het beswaar gemaak teen die notule van die vorige vergadering wat op Potchefstroom plaasgevind het, en aangedring dat 'n ware afskrif aan die Uitvoerende Raad gestuur moes word. Dit is duidelik dat David Botha die besluit van die Volksraad om verlof aan president Pretorius toe te staan om na die Oranje-Vrystaat te gaan, as onkonstitusioneel beskou het.

Waarom Botha die sitting van die Volksraad op Potchefstroom op 12 Julie 1858 nie bygewoon het nie, is nie duidelik nie, maar op die daaropvolgende vergadering in Pretoria op 14 September 1858 was hy terug om 'n memorie van burgers uit die omgewing van Pretoria aan die Raad voor te lê.⁶⁵ Die burgers was naamlik opgeroep om 'n kommando teen die Swart opperhoof, Mapela, te vorm. Mapela of Mankopane, 'n Ndebelekapttein van die Langastam, was verantwoordelik vir die moord op Hermanus Potgieter en sy geselskap. Onder leiding van landdros A.F. du Toit van Pretoria is 'n 'smeekende memorie' aan David Botha as voorsitter van die Volksraad oorhandig waarin hulle versoek het dat daar eers deeglike ondersoek ingestel moes word na die noodsaaklikheid

van die kommando, enersyds om onnodige bloedvergieting te voorkom en andersyds weens die ‘ontydige gelewendheid’ daarvan, aangesien dit huis ploegtyd was. As al die mans op kommando moes vertrek, sou die armoede van die boere nog vererger het, het hulle geskryf. Hulle was reeds so verarm dat

‘meenig een... geen kost meer heeft om zyn arme kindertjes te geeven’.⁶⁶

Hierdie memorie wat na die Uitvoerende Raad verwys is,werp lig op die lewensomstandighede en armoede wat algemeen onder die pioniers in hierdie vroeë vestigingsjare voorgekom het.

David Botha moes aansien onder sy mede-volksraadslede geniet het, want op die vergadering van 12 September-24 September 1859 is hy weer eens tot voorsitter van die Raad verkies.⁶⁷

Burgeroorlog (1861-1864)

M. W. Pretorius was ondertussen nog steeds in die Vrystaat waar hy hom vir die eenwording van die twee Republieke beywer het. Op die vergadering van die Volksraad van 31 Januarie-2 Februarie 1860 in Potchefstroom,⁶⁸ waar David Botha die voorsitter was, het die President ‘n versoek aan die Raad gerig om vir ses maande ‘buiten’s land’ te gaan.⁶⁹ Sy aansoek om verlof is toegestaan en die Volksraad het J.H. Grobler (Figuur 11), lid van die Uitvoerende Raad, as waarnemende president verkies,⁷⁰ waарoor Stephanus Schoeman bitter ontevrede was, omdat hy verwag het dat die eer hom te beurt sou val.

President Pretorius is hierna op 8 Februarie 1860 ook as president van die Oranje-Vrystaat ingesweer.⁷¹ Sy brief aan die Volksraad in hierdie verband is tydens die


sitting op Potchefstroom op 9 April 1860 behandel, waarna daar besluit is dat hy tot in September 1861 ‘buitezyne werkzaamheden’ sou bly en dat hy daarna aan die Volksraad verantwoording sou moes doen.⁷² Dit het dus op ‘n tydelike ontslag van Pretorius as president van die Z.A.R. neergekom. Dat hierdie besluit tot groot onenigheid sou lei, het reeds op die volgende vergadering van die Raad in Pretoria op 10 September 1860 geblyk. Op hierdie vergadering, waarvan David Botha die voorzitter was, is naamlik besluit dat die ontslag van Pretorius van krag sou bly. Op 15 September is die vergadering agter geslote deure gehou en het Pretorius vervolgens om eervolle ontslag as president van die Z.A.R. gevra. Dit is aan hom toegestaan en Grobler is weer as waarnemende president aangestel.” Ten spyte van verskeie memories wat versoek het dat Pretorius se verlof verleng en Schoeman as waarnemende president aangestel moes word, het die Raad sy weg daartoe nie oopgesien nie. Daar is egter ‘n afvaardiging van drie lede gekies om ‘broederlyke’ betrekkinge met die Oranje-Vrystaat te gaan bespreek. David Botha was die voorsitter van hierdie kommissie.⁷⁴

Daar het nou ‘n stormagtige tyd vir die Suid-Afrikaanse Republiek aangebreek. M.W. Pretorius wou sy verlore aansien herwin en is hierin deur sy ou teenstander, S. Schoeman (Figuur 12), gesteun. Hulle het ‘n volksbyeenkoms op 8 Oktober 1860 in Potchefstroom belê omdat die Pretorius-ondersteuners hier in die meerderheid was. Vyf ‘spreekers van het volk’ het die vergadering toespreek, waarna besluit is dat die Volksraad teen die begeerte van die volk gehandel het deur Pretorius as president te ontslaan en derhalwe nie meer die vertroue van die volk geniet het nie. Daar is besluit dat Pretorius president van die Z.A.R. moes bly, ‘n jaar verlof moes kry om sy werk in die Vrystaat af te handel, en dat Schoeman tydens sy afwesigheid as president sou waarneem.”

Die gevolg van hierdie en ander vergaderings was ‘n bloedlose staatsgreep in Potchefstroom in Desember 1860, waartydens Schoeman oorgeneem het as waarnemende staatspresident en W.C. Janse van Vuuren aangestel is as waarnemende kommandant-generaal. Waarnemende president Grobler en staatssekretaris Struben het hierop hulle bedankings by die Uitvoerende Raad ingediend.⁷⁶ Schoeman het vervolgens ‘n buitengewone sitting van die Volksraad vir 14 Januarie 1861 in Pretoria belê.⁷⁷ Van hierdie onstuimige vergadering, wat die hele Pretoria in beroering gebring het, het daar slegs koerantverslae bewaar gebly.⁷⁸ Dit was die onbenydenswaardige taak van David Botha om by hierdie geleenthed as voorsitter op te tree. Op 14 Januarie het feitlik al die burgers wat in Pretoria aanwesig was, voor die goewermentskantoor in die ‘Gouvernements Schoolgebouw’ vergader, waar Schoeman ‘n toespraak gehou en verduidelik het dat die buitengewone vergadering van die Volksraad belê moes word weens dringende landsomstandighede en omdat daar beskuldigings teen die Volksraad ingebring is.” Volgens Artikel 31 van die Grondwet moes alle beskuldigings voor die Raad aangehoor word en Schoeman het daarop aangedring. Toe die Volksraad geweier het, het Schoeman die vergadering verlaat. As voorsitter van die Raad het David Botha hierna die opinie van elke lid



Figuur 11 J.H. Grobler, waarnemende president van die Z.A.R. (1860).
Foto: Stadsraad van Pretoria.



Figuur 12 Stephanus Schoeman.

Foto: Stadsraad van Pretoria.

gevra, waarna die Raad in sitting gegaan het. Die volgende dag het Schoeman die beskuldigings uit Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria, Waterberg, en Wakkerstroom aan die Raad voorgelees, hoewel daar geen handtekeninge ter ondersteuning van die verklarings was nie. Hierna het die voorsitter aan al die lede van die Volksraad gevra of hulle hulle nog bevoeg geag het om langer as Volksraadslede sitting te bly neem, waarop hulle ontkennend geantwoord het. Ook Botha het as voorsitter gesê dat hy hom nie langer bevoeg voel om

'iets tot nut voor land en volk te doen doordien de Volksraad beschuldigt was.'⁸⁰

Hy het daarop aan Schoeman gevra om die kantoor vir die volgende dag te mag gebruik om sy eie sake te reël. Op 'n skriftelike uitnodiging van Botha as voorsitter om die vergadering op 16 Januarie 1861 by te woon, het Schoeman nie gereageer nie.⁸¹ Botha se laaste optrede was om

'eene Hooggereghof te eischen zoo spoedig mogelijk, alwaar de Volksraad en alle Ambtenaren zich kunnen verantwoorden en verdedigen tegen de ingebrakte Beschuldiging.'⁸²

'n Kommissie van die Volksraad het hierop 'n kriminele aanklag van rebellie teen die vyf 'sprekers' van Potchefstroom ingediën. Die hofsaak is bepaal vir die elfde Februarie 1861.⁸³ Die vyf beskuldigdes is skuldig bevind en beboet, wat onder die ondersteuners van Pretorius en Schoeman groot ontevredenheid veroorsaak het.⁸⁴

Gebeure in die Suid-Afrikaanse Republiek is vanselfsprekend met belangstelling in die Oranje-Vrystaat gevolg. In 'n koerantberig in **De Oude Emigrant** in Februarie 1861 het een 'Onpartydige Volks Vriend' die posisie

van die Volksraad soos volg opgesom:

'De volksraad mogen wy in dit oogenblik vergeleyken by eene uitgaande kaars, die nu en dan nog even flikkert, maar eindelyk in den kandelaar uitloopt.'⁸⁵


Die Volksraad het nog een keer vergader in Pretoria op 18 Maart 1861. Elf lede van die afgesette Volksraad is deur die voorsitter, D.A. Botha opgeroep na Pretoria 'en aldaar in die open lucht — want een besloten lokaal konden zy niet bekomen — een vergadering . . . gehouden, doch zonder iets uit te rigten . . .'⁸⁶

Die gespanne toestand het voortgeduur tot Paul Kruger op 2 September 1861 'n vergadering van 28 lede van die Krygsraad in Pretoria belê het. (Figuur 13) Daar is besluit om volgens die Grondwet die bestaande regeringsvorm onmiddellik weer te herstel aangesien hulle 'regeringsloos' was.⁸⁷ Dit is opvallend dat David Botha se skoonseun, P.J. Botha, wat met sy jongste dogter, Maria Petronella, getroud was, geleidelik op die voorgrond begin tree het. David Botha het klaarblyklik in hom 'n groot steunpilaar gevind. Hy was trouens een van die 'sprekers' by hierdie vergadering en is ook as lid van 'n kommissie verkies wat die 'regeringsvorm . . . tot welvaart voor land en volk' tot stand moes bring.⁸⁸ Hierdie kommissie het op 5 & 6 Mei 1861 vergader en besluit dat daar 'n nuwe Volksraad gekies moes word. Dit wil voorKom of David Botha in hierdie stadium van die politieke toneel begin verdwyn, want in die notule van die Volksraad wat van 2 April-26 April 1862 in Pretoria vergader het, kom sy naam nie voor nie en het J.C. Klopper as voorsitter van die vergadering opgetree.⁸⁹



Figuur 13 S.J.P. Kruger, latere staatspresident van die Z.A.R.
Foto: Stadsraad van Pretoria.

Sake het nou 'n dramatiese wending geneem toe Schoeman deur die nuwe Volksraad afgesit en W.C. Janse van Rensburg in sy plek as waarnemende president gekies is tot tyd en wyl 'n presidentsverkiesing in Oktober 1862 sou plaasvind.⁹⁰ Die verdere verloop van die botsing tussen Schoeman en die nuwe volksraad sou David Botha persoonlik diep raak. Uit die getuenis wat P.J. Botha op 13 September voor die Krygsraad in Pretoria afgelê het, kan 'n mens 'n voorstelling vorm van die oproerigheid wat op 13 Augustus 1862 in Pretoria geheers het. P.J. Botha het getuig dat hy en sy skoonvader, David Botha, voor die landdroskantoor op Kerkplein gestaan het toe ongeveer 30 man onder leiding van Schoeman die goewermentsgebou toegesluit en die staatsvlag weggenem het (Figuur 14).⁹¹ Die gevolg hiervan was dat die Krygsraad krygswet geproklameer het.



Figuur 14 H.T. Wangemann, Pretoria in 1867. Kerkplein is in die agtergrond. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria.

Die verdere verloop en afloop van die stryd is bekend. In September 1862 het dit tot 'n gewapende botsing tussen die 'staatslager' of regeringskommando en die 'volkslager' van Schoeman se magte naby Potchefstroom gekom. Pogings tot onderhandeling het misluk en Schoeman het op 9 Oktober 1862 'n skielike aanval geloods, maar is teruggeslaan met die verlies van sy eie kanon, een burger gedood, en hyself en 'n paar ander burgers gewond.⁹² Uit die herinneringe van M.A. Smit wat deelgeneem het aan die geveg, blyk dit dat regeringskanonne op die burgers van Schoeman losgebrand het terwyl hulle op die vlug geslaan het. P.J. Botha was die kanonnier van die 'staatslager' en sy swaer, J.P. Botha (seun van David Botha), het hom ondersteun. Juis toe P.J. Botha weer 'n sakkie kruit in die kanon wat by Schoeman afgegneem is, wou stamp om 'n skoot te skiet, het dit onverwags afgegaan. Sy swaer het hom probeer help, maar in die proses sy vinger verloor. Piet Botha was so ernstig gewond dat hy op 24 Oktober 1862 oorlede is. Hy is die volgende dag met volle militêre eerbetoon begrawe.⁹³ David Botha het nie net sy skoonseun nie, maar ook 'n getroue ondersteuner verloor.

Die burgeroorlog het voortgesloer tot aan die begin van 1864. Eers op 15 Januarie 1864 is die vredesverdrag deur die verteenwoordigers van die regering (staatsleërs) en dié van die volksleërs onderteken. Met die presidentsverkiesing daarna is M.W. Pretorius weer as staatspresident verkies en daarvan het die broederstryd tot 'n einde gekom.⁹⁴

Met die vredesluiting na die burgeroorlog het die onrustige pioniersjare in Transvaal tot 'n einde gekom — worsteljare waarin David Botha 'n groot rol gespeel het, maar wat ook sy persoonlike lewe ingrypend beïnvloed het. 'n Mens is geneig om te vergeet dat die daaglikse lewe van die gewone burger diep geraak is deur die politieke onenigheid en broedertwiste in hierdie jare. Die lewe van David Botha is hiervan 'n sprekende voorbeeld.

Laaste jare

'n Mens kan verstaan dat David Botha na die traumatische gebeure tydens die burgeroorlog ontnugterd of verbitterd was en hom aan die openbare lewe onttrek het. Sy naam verskyn in 1865 en 1866 nog enkele kere onderaan memories waarin die ondersteuners hulle 'beswaart' gevoel het ten opsigte van sekere sake."⁹⁵ Daarna verdwyn hy van die politieke toneel en het hy hom waarskynlik op sy plaas, Kleinfontein, teruggetrek en hom aan die boerdery gewy.

Volgens sy sterfkennis is David Botha op 26 Maart 1879 in die ouderdom van 72 jaar op sy plaas oorlede.⁹⁶ Dit is ironies dat sy laaste jare saamgeval het met die tyd van die Britse anneksasie van Transvaal (1877). Sou hy in sy sterwensure dalk nog vol sorge gewees het oor die toekoms van die land waaraan hy help bou het?

Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, wat die eienaar is van die stukkie grond waarop David Botha sy opstal gebou en sy werf uitgelê het, besit ook 'n lys van name van persone wat na sy afsterwe die laaste eer aan hom kom bewys het, naamlik sy 'Lijkstasie' wat op 27 Maart 1879 op die plaas Brakfontein opgestel is (Figuur 15).⁹⁷ So word daar dan afskeid geneem van David Adolf Michael Botha

'het welk den Heere van Hemel in aarde behaag
heef uit den tijd naar den ewigheit op te roepen
in den ouderdom van 72 Jaren, negen maanden
in 29 dagen. Op den 25ste Maart 1879 . . . is hy
ontslapen, zoo wij hopen in den Heere.'

Summary

David Adolph Michael Botha, whose life is reviewed, built the well-known Pioneer House at Silverton, Pretoria, towards the middle of the nineteenth century. As he was one of the earliest settlers in the Pretoria region, the story of his life reflects the history of the pioneering years in this area.

David Botha was born in the Eastern Cape; as a young adult he and his family were part of the Great Trek. He was *inter alia* a *veldkornet* in Natal for some time. In the 1840s the family settled on the farm Hartebeestpoort close to the future Pretoria: He laid out the farm and had it recorded and surveyed. The house he built on the farm had the typical clay walls, thatched roof, and dung floors.

In his time there was no church or school in the area and the farmers were dependent on the visits of clergymen from the Cape Colony. On such occasions services were held, communion taken, youngsters catechized and married under the trees or in tents. Such was the case with the Botha children. The first church was erected on

Braakfontein Den 27^{ste} Maart 1897
Lyf staaps van den oordelen
d' Gorred Melchyl Michal Botha
het swelk den plane van famelienaarde
beRaag heeft mit desvnaar den ewigheit op
te rekenen in den onderdom van 72 jaren
neigen maenden in 29 dagen op den 25^{ste} maart
1897 actieb hondat nigenverzinktig is lyf staaps
Zoo my hopen in den leere

als vrouwdragenden
d' P. Botha
d' J. Botha
d' Dr. Botha
d' A. Botha
d' A. Maritz

d' d' vermenlen
d' d' vermenlen
d' d' dragens

d' d' geballe

d' Bekker
d' Viljoen
Cornelius etten naer
d' Singman
d' Louw
d' Baden Powell

d' a. de laan
Casper d' Gant
Casper d' Gant
d' d' etten naer

Figuur 15 ‘Lijkstasie’ van David Adolf Michael Botha, 27 Maart 1879. Oorspronklike in Nasionale Kultuurhistoriese en Ooplugmuseum, Pretoria.

Church Square in 1857.

In 1853 David Botha moved further east to the farm Kleinfontein. As a member of the *Volksraad* he became a familiar figure in political circles and was elected chairman of the *Volksraad* in 1858. It must have been a memorable day for him when the draft constitution of the South African Republic was ceremoniously handed to him in his capacity as chairman. However, his term of office coincided with a period of considerable unrest and discord, associated with president M.W. Pretorius, who was at the time also elected president of the Orange Free State. In a bloodless coup in Potchefstroom in December 1860, Stephanus Schoeman was elected acting president. The *Volksraad* could not ratify this step and practically ceased to function. As chairman David Botha was deeply involved in the subsequent civil war (1861-1864). His personal life was also touched by the death of his son-in-law and faithful follower, P.J. Botha, in 1862, in a skirmish between government supporters and the followers of Stephanus Schoeman. The life history of David Botha therefore yields valuable information about the course of the civil strife and the way in which it affected the daily lives of ordinary burghers.

From 1862 onwards David Botha gradually disappeared from the political scene and devoted himself to his farming. He died on his farm on 26 March 1879. A list of names of the people who attended his funeral is in safe-keeping in the National Cultural and Open Air Museum

in Pretoria. It is a miracle that the house he erected (or at least partially built) on Hartebeestpoort has been preserved through the years. It belongs to the museum and has been restored and furnished as a Pioneers' Museum.

Vetwysings en Notas

1. C.G. DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families* (Kaapstad/Rotterdam, 1981), p. 86.
 2. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, FK 2228: Doopregister Swellendam.
 3. C.G. DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families* (Kaapstad/Rotterdam, 1981), p. 837.
 4. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, FK 2245: Doopregister George.
 5. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, 2237: Trouwboek der Kerk van Swellendam. 1798-1839.
 6. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, MHG 399: Sterfkennis.
 7. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria. MHG 13957: Sterfkennis.
 8. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, MHG 51633: Sterfkennis.
 9. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, FK 2245: Doopregister George.
 10. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, FK 2228: Doopregister Swellendam; G.S. PRELLER, *Voortrekkerwe tgc wing. No tule van die Na talse Volksraad 1839-1845* (Pretoria, 1924), pp. 3-8, 16-26, 141.
 11. G.S. PRELLER, *Voortrekkerwetgewing. Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845* (Pretoria, 1924), p. 112.
 12. G.S. PRELLER, *Voortrekkerwetgewing. Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845* (Pretoria, 1924), p. 141.
 13. Persoonlike mededeling: D.A.M. Botha, Kleinfontein, distrik Pretoria, 1986.11.28.
 14. S. DU PREEZ, 'Die eerste bewoners van Kerkplein, Pretoria', *Contree* 3, Januarie 1978, p. 9.
 15. H.M. REX, *Ned. Herv. Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969* (Krugersdorp, 1969), p. 28.
 16. G.S. PRELLER, *Ou-Pretoria* (Pretoria, 193X), p. 17.
 17. G.S. PRELLER (red.), *Voortrekkermense IV* (Kaapstad, 1938), p. 137.
 18. G.S. PRELLER (red.), *Voortrekkermense IV* (Kaapstad, 1938), p. 139.
 19. G.S. PRELLER, *Ou-Pretoria* (Pretoria, 1938), p. 14.
 20. S. STRYDOM, 'Hartebeestpoort no 308', *Pretoriania* 30, 1959, p. 16.
 21. F. LION-CACHET, *De Worstelstrijd der Transvalers aan het Volk van Nederland Verhaald* (Amsterdam, 1882), p. 423.
 22. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal IV*, p. 79.
 23. Argief van die Registrateur van Aktes, Pretoria, RAK 4233, nr. 1032.
 24. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria, MHG 7904: Boedelongpawie.

25. S.P. ENGELBRECHT, **Geskiedenis van die Ned. Herv. Kerk van Afrika** (Pretoria, 1936), p. 50.
26. Ned. Herv. Kerkargief, Pretoria: 3/3/1: Huweliksregister 1838-1889.
27. H. M. REX, **Voorgeschiedenis en Geskiedenis van die Ned. Herv. Gemeente Zeerust (Marico)** (Pretoria, 1971), p. 142.
28. H.M. REX, **Voorgeschiedenis en Geskiedenis van die Ned. Herv. Gemeen te Zeerust (Marico)** (Pretoria, 1971), p. 142.
29. Ned. Herv. Kerkargief, Pretoria, G 1/4: Lidmatenregister no 1.
30. Ned. Herv. Kerkargief, Pretoria, G 5,3/2/1: Lidmaatsregister Rustenburg 1850-1894; J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 136.
31. G.S. PRELLER, *Ou-Pretoria* (Pretoria, 1938), p. 16.
32. G.S. PRELLER, *Ou-Pretoria* (Pretoria, 1938), p. 16.
33. H.M. REX, **Ned. Herv. Gemeente Bronkhorstspruit 1869-1969** (Krugersdorp, 1969), p. 9.
34. R. PEACOCK, **Die geskiedenis van Pretoria 1855-1902** (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955), p. 33.
35. H.M. REX, **Pretoria. Van Kerkplaas tot Regeringsetel** (Kaapstad/Pretoria, 1960), pp. 30 & 40.
36. F.A. VAN JAARSVELD, 'Landmeting in die ou dae', **Historiese Studies** 8(1), Junie 1949, p. 47.
37. F.A. VAN JAARSVELD, 'Landmeting in die ou dae', **Historiese Studies** 8(1), Junie 1949, p. 47.
38. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: RAK 2750: Inspeksieboek van veldkornet A.P. van der Walt.
39. Argief van die Registrateur van Aktes, Pretoria: Hartebeestpoort no 308.
40. F.A. VAN JAARSVELD, 'Landmeting in die ou dae', **Historiese Studies** 8(1), Junie 1949, p. 47.
41. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 81.
42. P. NAUDE, **Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek 1858-1899** (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, Unisa, 1954), p. 82.
43. Argief van die Registrateur van Aktes, Pretoria: Hartebeestpoort no 308.
44. Kantoor van die Registrateur van Aktes, Pretoria: Harterebeestpoort nr. 328.
45. Kantoor van die Landmeter-Generaal, Pretoria: Kleinfontein, wyk Elandsrivier nr. 485.
46. Kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria: Kleinfontein, distrik Bronkhorstspruit, nr. 368.
47. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: MHG 7904: Sterfkennis.
48. Persoonlike mededeling: D.A.M. Botha, Kleinfontein, distrik Pretoria, 1986.11.28.
49. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 1**, p. 352.
50. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 96.
51. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 148.
52. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 144.
53. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 2**, p. 191.
54. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, pp. 8 & 9.
55. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 99.
56. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 134.
57. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 150.
58. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 159.
59. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 164.
60. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 167.
61. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 525.
62. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 171.
63. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 556.
64. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 557.
65. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, pp. 526-528.
66. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 3**, p. 526.
67. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4**, p. 31.
68. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4**, p. 33.
69. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4**, p. 36.
70. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', **Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4**, p. 37.
71. H.W. GRIMSEHL, 'Die rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861-1864)', **Historia** 2(3),

- Desember 1957, p. 228.
72. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 49.
73. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 65.
74. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 73.
75. H.W. GRIMSEHL, 'Die rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861–1864)', *Historia* 2(3), Desember 1957, pp. 229–230.
76. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, pp. 399–409.
77. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 84.
78. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, pp. 83–92.
79. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 85.
80. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 86.
81. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 414.
82. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 415.
83. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 86.
84. H.W. GRIMSEHL, 'Die rol van Stephanus Schoeman tydens die Burgeroorlog (1861–1864)', *Historia* 2(3), Desember 1957, p. 231.
85. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 90.
86. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, pp. 92 & 420.
87. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 434.
88. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 434.
89. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 93.
90. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, pp. 125–126.
91. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 631.
92. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 4***, p. 449.
93. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A 787 Preller-versameling, band 167: ***De Volksblad*** 1862.11.27.
94. O.J.O. FERREIRA, ***Stormvoël van die Noorde*** (Pretoria, 1978), p. 309.
95. J.H. BREYTENBACH (red.), 'Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek', ***Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Transvaal 5***, p. 358.
96. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: MHG 1229: Sterfkennis.
97. Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria: HG 13783.